Woensdag 27 April
Skrifgedeelte: Efesiërs 5:15-20
Fokusgedeelte: Efesiers 5:18

Vervulling met die Heilige Gees

Om vervul te word met die Heilige Gees, beteken nie dat ons by die doop met die Gees ’n sekere mate van die Heilige Gees ontvang en dan later by die vervulling ’n groter deel van die Gees ontvang nie.

Die doop met die Heilige Gees kom in die Nuwe Testament alleen voor in die vorm van ’n indikatief, terwyl die vervulling met die Gees ook as ’n imperatief (bevel) verkondig word. Hierdie bevel “laat die Gees julle vervul” rus op dit wat Christus gedoen het, dit rus op die heilsindikatief van die sterwe en opstanding van Christus.

Vervulling met die Heilige Gees beteken dat iemand al meer deur die Heilige Gees beheers word, al hoe meer deur die Gees in beslag geneem word. Die werkwoordvorm in die Grieks beteken om gedurig met die Gees vervul te word. Dit is dus ’n proses om voller en voller te word. Ons is nooit klaar met die vervulling met die Heilige Gees nie.

Hoe kan ons die bevel nakom om vervul te word met die Gees? Die antwoord neem ons na die Pinkstergebeure in Handelinge in Jerusalem. Die groot gebeurtenis van Pinkster staan in die konteks van volhardende gebed. Om voller te word met die Gees, beteken volhardende gebed sodat die Heilige Gees ons elke dag meer en meer sal beheers.

Wat is die doel van vervulling met die Gees? Baie kortliks:

- Ons kan alleen die Woord verstaan as ons deur die Heilige Gees verlig word.
- Ons word gelei tot diepere insig in die kennis van God.
- Die Heilige Gees skenk aan ons geestelike krag om die stryd van die geloof teen die sonde, die duiwel en die wêreld te kan stry.
- Die Heilige Gees is die Bewerker van geestelike vrug (Gal. 5:22, 23) in die lewe van die gelowige.

Sing: Skrifberyming 8-2:2, 3

Ds. PA Coetzee (Peet) (emeritus)